Herald Sport

BASF Ryder Cup om die draai

Lente is besig om kop uit te steek en dit beteken ook Ryder Cup tyd. BASF, die amptelike borg, maak dit elke jaar moontlik dat Heilbron en Frankfort oor twee dae teen mekaar meeding. Dit word vanjaar vir die vierde keer gespeel. Veertig spelers kom oor twee dae teen mekaar te staan en elke jaar het die tuisspan die beker gewen. Die manne van die Wilge is vol vertroue dat hulle die jaar op Heilbron die bordjies gaan verhang, tyd sal leer.

Verlede Saterdag se HBA Mug wenner was Jackie Leonard met 'n netto telling van 73, een oor baansyfer. Johan die Konstante, soos sy naam deesdae bekend staan, was tweede met 75 en Eben Stander derde met 78.

Die liga spelers speel volgende naweek op Reitz. Die HBA Mug verskuif na die Saterdag, daar gaan ook 'n vroeë afslaan wees as gevolg van 'n funksie. Inskrywings is vanaf 09:00 vir afslaan 09:30.

Heilbronners stap weg met die pryse

Soos verlede week berig was die rolbal spelers nie in 'n staat van hibbernering nie, maar is rolbal afrigting gedoen en gespeel gedurende die winter koue. Met Koppies se fondsinsamelingsdag op Vrouedag toe vind die uittog plaas en Koppies word binne geval deur die Heilbronners, sakke vol blink gepoetste rolballe. 'n Baie suksesvolle dag is deur Koppies rolbalklub aangebied en met voorbedagte rade is besoekers met smaaklike borde kos bederf om die skaal in Koppies se guns te swaai. Dit het niks gehelp nie, Heilbron se spelers het weer gewys wat gedoen kan word. Die Bierman span bestaande uit Koos, Magda sowel as Amelia Galatis en Hannalie Claassen stap weg met die eerste prys en toe kom die groot verrassing van die dag. Terence en Antoinette Cunningham saam met Gustav en Adele Booysen stap toe weg met die tweede prys. Hulle is verseker nuwe spelers wat met groot entoesiasme die spel beoefen.

Op die foto vl: Gustav en Adele Booysen, Katrien Koekemoer en Antoinette en Terence Cunningham.

Op die foto vl: Hannalie Claassen, Koos Bierman, Katrien Koekemoer, Amelia Galatis en Magda Bierman.

Duiwe Nuus



Verlede naweek se wedvlugte was vanaf Noupoort en die duiwe het die afstand van 520km in 6 ure 56 minute afgelê teen 'n gemiddelde spoed van 75kpu. Dit was die klub derby van die jong duiwe en Danie Els het uitstekend presteer deur die eerste en derde plekke in te neem. So 'n prestasie is nie algemeen in die derby nie.

NOUPOORT JO

1.	D Els
2.	D Els
3.	D Els
4.	Zenith B
5.	Zenith A
6.	F Viviers
7.	D Els
8.	Zenith A
9.	D Els
10.	F Viviers

NOUPOORT OPE

1.	F Viviers
2.	Zenith A
3.	F Spangenberg
4.	D Els
5.	D Els
6.	D Els
7.	Zenith B
8.	Zenith B
9.	F Viviers
10.	F Viviers

Andries by NG. Kerk Moedergemeente

Andries Vermeulen kom kuier Sondag, 19 Augustus by die Heilbron Moedergemeente om 09:30. Hy kom deel gedurende die diens, die woord van God, die hart van God en natuurlik dat God 'n plek het vir almal in Suid-Afrika. Kom woon gerus die oggenddiens by.

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 20 AUGUSTUS 2018

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling.
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 21 AUGUSTUS 2018

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

BOTHAVILLE : MAJOBE MERINO'S
60 Stoetramme en 100 stoetooie
12:45, Plaas Vlaklaagte, Bothaville
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 22 AUGUSTUS 2018

KROONSTAD : NOORD-VRYSTAAT SAVM KLUB VEILING
105 Top SAVM skape
Vanaf 08:30, Kroon Boma, Kroonstad
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 23 AUGUSTUS 2018

FRANKFORT Weeklikse veiling.
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling.
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

VREDE : SUIDELIKE HOËVELD DRAKENSBERGER KLUB VEILING
35 Top geregistreerde bulle
11:00, Vrede veilingskrale
Kontak Gideon Bekker 084 512 7628

VRYDAG - 24 AUGUSTUS 2018

STANDERTON Weeklikse veiling.
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT : FRANKFORT BONSMARA TELERSGROEP VEILING
33 Geregistreerde bulle en 80 kommersiële vroulike diere
11:00, Royal Auction Centre, Frankfort
Kontak Eddie Muller 082 926 2219

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za

BKB LOUWID